GEORGE

Outeniqua? Dis 'n Khoi-woord wat "man met baie heuning" beteken. Dis inderdaad 'n land vol melk en heuning – seker een van die mooiste streke ter wêreld, met asemberowende berge, golwende heuwels, oerwoude, fynbos, en daarby ook nog naby aan die see. Die berge staan as die Outeniqua bekend, en die pas wat daaroor na Oudtshoorn loop ewenaens as die Outeniqua-pas. Ook die skool op George is die Hoërskool Outeniqua. George was die eerste dorp wat in Suid-Afrika deur die Britte gestig is – in 1812. Destyds was dit bekend as George Town, genoem na Koning George III, wat 'n Bybel geskenk het aan die kerk, wat in 1911 'n katedraal geword het. Daarmee het George ook 'n stad geword. George III, die eerste Hanoveriaanse monarg wat in Engeland gebore is en Engels gepraat het, het van 1860, toe hy 22 was, geheers tot sy dood in 1820. Hy het tweede langste ooit in Engeland geheers. Maar dit was nie altyd al te voorspoedig nie. Hy was in stryd met sy Premier, Pitt the Younger, hy het die Amerikaanse kolonies verloor, en hy is in 1810 weansinnig verklaar. Hy het aan porfirie gely. In 'n onlangse rolprent "The Madness of King George" speel 'n Suid-Afrikaner, Nigel Hawthorne, in die hoofrol. Hy was egter ook bekend as 'n besonder gekultiveerde koning, in teenstelling met die ander Hanoveriane, en het veral in die landbou belang gestel. Dit het aan hom die bynaam "Farmer George" besorg. Toe George prins van Wallis was, is gesê dat hy 'n seun by Hannah Lightfoot, die "Mooi Kwakerin" verwek het. Hy sou glo in die geheim met haar getrou het, maar die huwelik is nooit amptelik erken nie. In 1795 het 'n jong man, George Rex, hom in die Outeniqua-omgewing kom vestig. Hy was glo die buite-egtelike seun van George III en Hannah Lightfoot. Sy graf is op Knysna.



Hoërskool Outeniqua

STIGTINGSDATUM: 1923
LEUSE: NOBILITAT LABOR (ARBEID VERADEL)
ADRES: COURTENAYSTRAAT, GEORGE
WWW.OUTENIQUA.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

Hoërskool Outeniqua is 'n gemengde Afrikaansmedium-skool. Daar is 1 700 leerlinge, onder wie 800 seuns en net meer as 130 koshuisgangers. Die skool se wapen is in die vorm van 'n heuningkoek, wat staan vir gesonde voedsel in 'n milieu van orde en dissipline en die spanwerk van flukse bye. Die berge word ook uitgebeeld en simboliseer die hoogtes waartoe leerlinge kan streef. Dit word alles in die skool se leuse saamgevat.

Outeniqua Rugby

Rugby het veral 'n belangrike rol by die skool begin speel toe Sas de Kock, 'n Springbok van 1921 tot 1924, hoof geword het. Hoërskool Outeniqua, oftewel die Kwaggas, laat hom al hoe meer geld in Suidwestelike Distrikte, veral sedert die jare negentig. Die skool het 'n sportsentrum en beskik oor die dienste van 'n biokinetikus. Daarby is die Kwagga-rugbyakademie in 1999 gestig. Rugby is ook deel van die skool se leerplan.

Sedert 1995 bied die skool die Kwagga Junior Week vir o.15- en o.14-spanne aan. Top-spanne van oor die hele land woon die week by. Dertig spanne het vir 2008 ingeskryf. Die eerste onoorwonne span was dié van 1957, wat voortgebou het op die prestasies van 1956 se vyftiental. Mnr Scholtz was die afrigter. Hulle het met groot sukses deur die land getoer. In 1988 het Outeniqua tien spanne gehad, en al tien was onoorwonne. Maar die beste tydperk in die skool se geskiedenis was van 2001. In dié tydvak was die breiers Dawid Minnie, Frans de Swardt, Martin Oosthuizen, Herman Martins en Piet Cloete. Cloete het ook Suidwestelike Distrikte se Cravenweek-span afgerig.

In 2008 het Outeniqua vyftien spanne gehad. Die span van 1992 was onoorwonne, en dit was die begin van die Kwaggas die sterk lopie tot die eeuwending en daarna. Hulle het teen strawwe opposisie te staan gekom, baie daarvan buite die Suidwestelike Distrikte. Paarl Gimnasium is moontlik die sterkste teenstanders, maar Outeniqua het hulle in 2003 en 2004 geklop. In 2004 het die Kwaggas Die Burger-trofee vir skole van Kaapstad tot Port Elizabeth gewen, sowel as die Media 24-trofee vir skole van oor die hele land. Onderweg na die Media 24-trofee het Outeniqua Paarl Gimnasium, Marais Viljoen en Dr EG Jansen geklop. Die finaal teen Dr EG Jansen is op Ellispark gespeel, en die Kwaggas het vier drieë teen een gedruk. In 2005 het Outeniqua weer Die Burger-trofee verower. Talle Kwaggas was by die Cravenweek – meer as 150 sedert 1964. In 2006 was daar twaalf Outeniqua-spelers in die Suidwestelike Distrikte se Cravenweekspan. En in 2007 nege. In 2005 het dertien Kwaggas na die Grant Khomo-week vir o.16s gegaan, in 2006 twaalf en in 2007 veertien. Hans Scriba, 'n prins van losskakels, het in 1983 vir SA Skole gespeel. Sedertdien was daar Jeremy Plaatjies (2001), Johan Snyman (2004) en Earl Snyman (2007). Jeandré Fourie het in 2001 vir die SA Akademiespan gespeel, en Wilton Pietersen vir die SA B-span in 2006. Baie oudleerlinge het provinsiale rugby gespeel: Sarel Theron (SWD), Dawid, Shaun Minnie (SWD), Abri Minnie (Griekwas), Serge Pietersen (SWD), Werner Kemp (SWD), Deon Thiesen (Transvaal), Hans en Ernst Scriba (Westelike Provinsie), Freddie Stander (Griekwas), Martin Stander (Boland), Rikus Lubbe (SWD, Boland, Westelike Provinsie, Stormers), Fila ven Zyl (SWD, Westelike Provinsie), Ruaan du Preez (Boland), Marco Wentzel (Pumas, Cheetahs), Giscard Pieters (Griffons, Pumas, Cheetahs), Jeandré Fourie (Pumas), Werner Bester (Grens), Okkie van Zyl (Griekwas, Griffons), Liaan Scriven (Oostelike Provinsie) en Gavin Williamson (SWD, Leeus).

Drie oudleerlinge was Springbokke: wyle Faan Conradie, wat in 1965 as plaasvervanger na Ierland en Skotland geroep is, maar nooit op die veld was nie; die grootse heelagter van die jare tagtig, Johan Heunis; en die veelsydige voorspeler Marco Wentzel, wat later in Europa gaan speel het. Daarby het Johan Snyman vir die SA o.19-span gespeel wat die Wêreldbekertoernooi in 2005 gewen het. Wilton Pietersen en Earl Snyman het in 2007 vir die span gespeel. Die internasionale skeidsregter Frans Muller is 'n oudleerling. Chris Heunis, wat provinsiale rugby vir Oostelike Provinsie en Suidwestelike Provinsie gespeel het, was voorsitter van die Suidwestelike Distrikte-rugbyunie. Hy het die unie weer prominent gemaak en gesorg dat Outeniqua-park op George die unie se hoofkwartier word. Hy was ook lid van SARFU se uitvoerende komitee.

Die Kwaggas se grootste mededingers is die Hoërskool Oudtshoorn, ook bekend as die Struisies. Ander tradisionele opponente in Suidwestelike Distrikte is Punt van Mosselbaai, Oakdale van Riversdale, Langenhoven Gimnasium van Oudtshoorn en PW Botha Kollege van George. Dan is daar ook groot kragmetings teen Hoërskool DF Malan in Bellville (in die tweede week van die tweede kwartaal), Nico Malan van Humansdorp, HTS Daniël Pienaar van Uitenhage, en Framesby van Port Elizabeth.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Faan Conradie
Johan Heunis
Marco Wentzel